Waarom is geloof so belangrik?

Hoe God jou geloof groei...

"Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God." (Gal. 3:26)

WEEK 1

Inleiding

Welkom! Vir die volgende 6 weke gaan ons saam op `n reis, `n reis van Geloof. Ons gaan in hierdie tyd mekaar aanmoedig om dieper te grawe in die Woord en saam te ontdek waar ons is op die pad van Geestelike groei.

Ons gaan in diepte kyk na wat geloof is, hoe ons die Here eer deur ons geloof en hoe ons geloof in die Here en in die Woord deur die Here gebruik word om ons deur hierdie lewe te lei.

Maak die beste van hierdie studie

Hierdie studie kan vir elke Bybelstudent baie beteken, of ons al baie jare `n pad saam met die Here stap en of ons onlangs by die Here uitgekom het... Die Sleutel tot die suksesvolle gebruik van hierdie studie is Toewyding! Hier is `n paar wenke wat ons kan help om die beste van hierdie studie te maak:

Wenk #1:	*Ons moet 'n oorgawe maak. (Lees Jer. 18:6) Ons moet ons geloof en vertroue in die Here plaas sodat Hy Sy plan vir ons lewens sal laat plaasvind.*
Wenk #2:	*Hou `n joernaal. Skryf die sleutelverse neer wat die Heilige Gees onder ons aandag bring.*

Wenk #3: *Doen al die opdragte asook die geheue teks aan die einde. Maak tyd om weer later deur die studie te gaan.*

Wenk #4: *Bespreek die waarhede wat ons in die studie ontdek het, met `n vertroueling.*

Tema teks: Heb. 11:1-6

*Leier: Lees die tema teks. Lees ook **Hand. 11:21** en **Hand. 18:8**. Indien daar iemand is wat vrymoedigheid het: Deel hoe hy/sy tot geloof kom het.*

Hoe kry ons geloof? Waar kom geloof vandaan?

In die verse wat ons in Handelinge gelees het, het ons gesien dat die kerk `n tyd van geweldige groei beleef het. Baie mense het tot geloof in die Here Jesus gekom.

Ál hierdie mense wat tot geloof gekom het, het een ding in gemeen gehad - Iemand het die Woord aan hulle gebring.

GESPREKSVRAAG:

Lees Rom. 10:17 en 2 Kor. 4:13 in verskillende vertalings. Waar, volgens hierdie verse, kom geloof vandaan? _____

_____

_____

Wat is Geloof?

In **Efes. 2:8** lees ons dat geloof `n sleutel is tot ons redding. In die vorige verse het ons gelees dat die Heilige Gees geloof in ons harte wek wanneer ons aan die Woord van die Here gehoor gee.

Dit is daarom belangrik om `n goeie begrip te hê van wat geloof dan is. In **Heb. 11:1** kry ons `n goeie definisie van wat geloof is: "*Om te glo, is om **seker** te wees van die dinge wat ons **hoop**, om **oortuig** te wees van die dinge wat ons **nie sien nie.***"

Geloof is...

- Eerstens, om seker te wees van die dinge waarop ons hoop.

In **1 Pet. 3:15** maak Petrus melding daarvan dat hierdie HOOP in ons lewe. Ons het `n "Lewende Hoop" – nie die tipe onsekere hoop wat die wêreld het nie. Nee, `n lewende hoop is gewortel in Christus. Dit is `n Hoop wat die wêreld laat kennis neem dat ons vir meer leef as net die dinge van hierdie lewe.

- Tweedens, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.

Om met oortuiging te lewe is om met sekerheid te lewe. Soos ons meer en meer tyd in die Woord spandeer, groei ons oortuiging en sekerheid in die Here Jesus.

GESPREKSVRAAG:

Lees weer **Heb. 11:1** en dan ook vers **6**. Wat, volgens vers **6,** is onmoontlik om te doen sonder geloof? Hoe kan ons hierdie probleem oplos volgens **Rom. 10:17**? _____

_____

_____

5 Fases hoe God ons geloof groei...

Ons het hierdie studie begin deur `n fondasie te lê vir wat geloof is. **Heb. 12:2** sê ons moet die oog op Jesus hou. Hy is die Begin en die Voleinder van ons geloof.

Geloof is iets wat moet groei...
- Rom. 14:1–2 praat van mense wat *swak* in hulle geloof is.
- Rom. 15:1 praat van mense wat *sterk* is in hulle geloof.
- In **Matt. 17:20** praat Jesus van die dissipels se *klein* geloof.

- In **Luk. 7:9** praat Jesus van die hoofman se *groot* geloof.

Vir die volgende 6 weke gaan ons mekaar aanspoor om die uitdagings wat die Here oor ons pad stuur, te aanvaar sodat ons geestelik kan groei.

Ons gaan kyk na die volgende 5 fases waardeur die Here ons geloof groei:

FASE 1: `n Droom / `n Roeping
Wanneer ons praat van `n droom, dan bedoel ons `n lewensroeping. Wanneer ons ons lewens in die Here se hande plaas, dan gee Hy ons `n doel om voor te lewe. Elkeen van ons moet onsself dan die vraag afvra: "Hoe stel ek my lewe in om te ontdek waarvoor die Here my geroep het?"

FASE 2: Toewyding
Die Here vra nie baie nie, Hy vra... ALLES! Om die Here te dien, vra toewyding. Jesus het vir Sy dissipels gesê dat iemand wat Hom wil volg, eers die koste moet bereken. Om te groei in geloof vra toewyding.

FASE 3: Vertragings
Die Here se tydsberekening is nie gebasseer op die oorlosie aan my arm of die dagboek in my aktetas nie. Nee! Die Here word ook nie deur mense se ongeduld aangejaag nie! Soms laat die Here ons wag. Hy vorm karakter in ons en leer ons om geduldig op Hom te wag! Die Here groei ons geloof deur ons te leer om op Sy tydsberekening te vertrou.

FASE 4: Beproewings
Wanneer dinge nie gaan soos wat ons gedink het dit moet gaan nie, dan soek ons gewoonlik fout, maar dit is juis een van die maniere hoe die Here ons versterk in ons geloof. Die Here het

eers `n leeu en toe `n beer oor Dawid se pad gestuur om hom te leer vertrou op God se krag in die stryd. Eers ná hierdie toetse was Dawid gereed om Goliat aan te vat. Wanneer ons allerhande beproewings deurgaan, moet ons vertrou dat die Here ons hierdeur oplei.

FASE 5: Doodloopstraat / Deurbraak

Geloof is om te weet van Wie ons afhanklik is. Groot manne het in `n dooploopstraat beland: Moses by die Rooi See, Gideon met sy 300 manne, Nehemia wat die stad se muur moes bou en baie ander. Wat vir ons dalk lyk soos `n doodloopstraat, is die Here se geleentheid om `n wonderwerk te doen!

Opsomming:

In vandag se studie het ons nie net `n sterk fondasie gelê vir ons begrip van wat geloof is nie, ons het ook `n oorsig gedoen oor wat om die komende weke te verwag.
Kom ons maak tyd in ons persoonlike stiltetyd om `n evaluasie te doen van ons eie geloof.

Bespreek die volgende in die groep:

1. Dink `n bietjie na oor vandag se studie – wat het ons geleer rondom geloof?
2. Kyk weer na die verse onder *groot, klein, sterk* en *swak* geloof. Wat beïnvloed ons geloof se sterkte?
3. Wat, volgens vandag se studie, kan ons doen om `n sterker geloof in die Here Jesus te ontwikkel?

WEEK 1: Waarom is geloof so belangrik?

Iets om te onthou

Geloof word deur die Heilige Gees in my lewe gewek wanneer ek die Woord van die Here ernstig opneem en my lewe daarvolgens rig.

Vers om te onthou

"*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie*." (Heb. 11:1)

"*As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon*." (Heb. 11:6)

Vraag om oor na te dink

Waar staan ek in my geloofsreis saam met die Here?
Wat verhinder my om my hele lewe aan die Here toe te wy?

Gebed om te bid

Dankie Here dat U geloof in my hart kom wek het. Here, help my om my aandeel in my geloofsgroei te verstaan. Ek wil belê in `n dieper verhouding met U. Ek wil meer tyd spandeer in U Woord. Ek wil U tevrede stel met my hele lewe.
AMEN!